

# Gebed na die ete

In Deuteronomium 8:10,11 spreek die Here soos volg:

Jy sal eet en versadig word en die Here jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het. Neem jou in ag dat jy die Here jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie.

Here God, hemelse Vader, ons dank U vir al u goeie gawes<sup>1</sup> wat ons sonder ophou uit u oorfloedige hand ontvang. Ons dank u dat dit u Goddelike wil is om ons te onderhou in hierdie tydelike lewe en om ons te versorg met alles wat ons nodig het. In die besonder wil ons U egter dank dat ons deur U wedergebore is tot die hoop van 'n beter lewe wat U aan ons geopenbaar het deur u heilige evangelie.

Ons bid U, barmhartige God en Vader, om nie toe te laat dat ons harte hier, in hierdie aardse en verganklike dinge, wortel skiet nie, maar dat ons altyd opkyk na die hemel en ons Saligmaker Jesus Christus verwag, totdat Hy op die wolke tot ons verlossing sal verskyn.

Ons Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word,

laat u koninkryk kom,

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergewe ons ons skulde,

soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Loof die Here want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid (Ps 106:1).

---

<sup>1</sup> [Jak 1:17]